
# SELFEVALUASIE:
# KENMERKE VAN ‘N BYBELSE BERADER

# Funksionele Eienskappe om Verhouding te Bou

## 1. VERHOUDINGSBOU:

1. **Sagtheid / Vriendelikheid**
2. **Sensitiwiteit / Empatie**
3. **Vrede maak**



# 1. Verhoudingsbou

| Swakhede | Geloofspad | Swakhede |
| --- | --- | --- |
| *Wettiese beraad*<br>***JA/ NEE***<br><br>*Skryf mense af vanweë sonde*<br>***JA / NEE*** | ***SAGTHEID / VRIENDELIKHEID***<br>***= Sensitief vir ander se behoeftes, ervarings, huidige situasie met verantwoordelikhede en verhoudigns met God***<br>***JA / NEE*** | *Doellose sagtheid*<br>***JA/ NEE***<br><br>*Kry jou om van my te hou / wil hê almal moet van my hou*<br>***JA / NEE*** |
| *Onsensitief vir ander se lyding/swakhede*<br>***JA/ NEE***<br><br>*Geneig om mense te etiketteer / te stereotipeer*<br>***JA / NEE*** | ***SENSITIWITEIT EN EMPATIE***<br>***= Om bewus te wees van my eie behoefte aan genade, en dus om met 'n ander te identifiseer, om geraak te word deur hulle swakhede – en die medelye van Christus in hulle lyding in te dra***<br>***JA / NEE*** | *Gee valse verlossing*<br>***JA/ NEE***<br><br>*Probeer mense behaag*<br>***JA /NEE*** |
| *Soek konfrontasie*<br>***JA/ NEE*** | ***VREDE MAAK***<br>***= Om te leer om 'n ander verantwoordelik te hou vir sy/haar reaksies en antwoorde sonder om in verkeerde konflik ingetrek te word.***<br>***JA / NEE*** | *Kompromitteer God se agenda*<br>***JA / NEE***<br><br>*Vrees mense*<br>***JA/ NEE***<br><br>*Vrees konfrontasie*<br>***JA/ NEE*** |

# 1. Verhoudingsbou

1. **Sagtheid en vriendelikheid**: Sensitief vir ander se behoeftes, ervarings, huidige situasie met verantwoordelikhede en verhouding met God, sodat hy/sy bemoedig word deur my geloof wat uitkom in blye gehoorsaamheid in God. (Tessalonisense 2:6-12)(Galasiërs 6:1-5)

<u>Vrae vir selfondersoek</u>**:**

<u>Bemoediging</u>

a. Is ek vaardig om hoop te gee?
b. Herken ek 'n ander se tekens van wanhoop?
c. Kan ek die wortels van 'n ander se wanhoop identifiseer?
d. Kan ek die oorsaak van wanhoop Bybels hanteer?
e. Modelleer ek hoop in God, sy Woord en in die krag van die evangelie?

<u>Aansporing</u>

a. Is ek vaardig om God se vergifnis te kommunikeer en te modelleer sonder om sy heiligheid te vervlak?
b. Is ek in staat om aan 'n ander duidelik te maak wat is sy Godgegewe verantwoordelikheid en wat is nie?
c. Dryf ek mense weg vanweë hulle sonde of omdat ek moeg is om met hulle of die sonde te werk.

<u>"Op hart te druk"</u>

a. Is ek in staat om ‘n praktiese agenda vir verandering vir 'n ander te volg?
b. Kan ek 'n ander lei sonder om veroordelend en wetties te wees?
c. Kan ek God se plan, om hom te herstel, vasstel?
d. Is ek sensitief vir ander se moedeloosheid of spring ek in met al die antwoorde?
e. Is ek in staat om te sien wanneer 'n verhouding net 'n vriendelike ontmoeting is wat behoefte bevredig maar nêrens heen gaan nie?
f. Verwar ek vriendelikheid met ontduiking van moeilike issues?
g. Kan ek konfronteer sonder sondige woede, krenkende woorde en starende oë ens?

# 1. Verhoudingsbou

**2. Sensitiwiteit en simpatie:** Om bewus te wees van my eie behoefte aan genade, en dus: om met 'n ander te identifiseer, om geraak te word deur hulle swakhede, om tot die probleme van hulle situasies toe te tree en om die medelye van Christus in hulle lyding in te dra. (Hebreërs 2:10 ev; 4:15,16; 2 Korintiërs 1:3-11)

Belangrikheid: Dat ander kan sien dat ek die evangelie waarin ek glo, self getoets het. Dat die oproep van God gebring word met 'n gepaste toepassing op die lewenskonteks en met die nodige begrip vir die stryd wat daagliks aangepak moet word.

Vrae vir selfondersoek:

1. Soek ek na persoonlike ervarings wat my help om deel te word van 'n ander se worstelinge?
2. Is ek gewillig om hierdie worstelinge eerlik met 'n ander te deel?
3. Weet ek wanneer dit vanpas en wanneer dit onvanpas is om my persoonlike stryd in heiligmaking te deel?
4. Is ek geneig om sondige reaksies te verskoon of mooi name te gee onder die dekmantel van simpatie?
5. Is ek in staat om simpatiek te wees terwyl ek terselfdertyd die "moeilike dinge" kan sê wat Bybels vir 'n ander behoort gesê te word?

**3. Vrede maak:** Om te leer om 'n ander verantwoordelik te hou vir sy reaksies en antwoorde sonder om in verkeerde konflik ingetrek te word.

Belangrikheid: As berader sal jy te doen kry met woedende, seergemaakte, emosionele en verdedigende mense. Hulle sal dikwels hipersensitief wees vir jou reaksie teenoor hulle. Dit bring alles mee dat daar 'n groot potensiaal vir konflik bestaan.

Vrae vir selfondersoek:

1. Is ek geneig om ander se aanval persoonlik aan te trek terwyl ek die implikasies van die morele agenda vergeet? (1 Samuel 8:1-9)
2. Is ek in staat om die persoonlike oorlogvoering te af te skaal sonder om God se agenda te kompromitteer?
3. Probeer ek die waarheid aanpas ter wille van vrede?
4. Lei my manier van konfronteer tot konflik?
5. Waar daar in 'n verhouding konflik is, weet ek hoe om 'n oproep tot vrede te maak?
6. Kan ek onderskei wanneer veranderinge in die situasie die vrede sal help bevorder?
7. Is ek in staat om vrae te vra wat die konflik of woede van 'n ander kan blootlê?
8. Weet ek wanneer dit tyd raak om mediasie van buite in te roep?

# Verhoudingsbou: "Bankstaat"

**Kyk na jou selfevaluasie en beskryf jou ontwikkelingsareas, sowel as jou vrugte van die Gees:**

**Ontwikkelingsareas:** ..................................................

..................................................

..................................................

**Vrugte van die Gees:** ..................................................


..................................................

..................................................

**Gebruik die Selfevalueringsvrae oor Verhoudingsbou vir selfstudie**

# FASE 2: VERSTAAN
# Funksionele Eienskappe om te verstaan/begryp

1. Data-insameling
2. Bybelse Interpretasie
3. Sake van die Hart



# 2. Verstaan / Begrip

| Swakheid | Geloofspad | Swakheid |
|---|---|---|
| *Lyk asof jy die mens wil vaspen met vrae JA/ NEE* | *DATA VERSAMELING = Om al die nodige inligting te verkry om in staat te wees om spesifieke Bybelse raad te bring JA / NEE* | *Skuil agter data-insameling JA/ NEE* |
| *Nuuskierige vrae* | | |
| *Streng, wetties, prekerig JA/ NEE* | *BYBELSE INTERPRETASIE = Om die persoon te leer om Bybels te dink oorhom/haarself JA / NEE* | *Woord bepaal nie berading nie JA/ NEE* |
| *Onpraktiese / te teoretiese gebruik van die Woord JA/ NEE* | | *Bang vir spesifieke / praktiese toepassing / te vaag JA/ NEE* |
| *Veroordelend, speel God JA / NEE* | *OM SAKE VAN DIE HART BLOOT TE Lê = Om te leer om op 'n dieper vlak as net die nodige "doen dit so" of "how to's" te werk – en die motiverende wortelkwessies aan te spreek JA /NEE* | *Gerig op gedrag, nie op wortels JA / NEE* |
| | | *Gee oppervlakkige "raad" JA / NEE* |

## VERSTAAN

Die doel van 'n berader is nie net om probleme te identifiseer nie, maar om mense te verstaan; nie net om probleme op te los nie, maar om mense te sien verander. 'n Oortuigende Bybelse interpretasie kan nie oorgedra word na 'n persoon of situasie wat nie verstaan word nie. Daarom wil ek 'n ander se wêreld inkom, die dinge wat daarin is verstaan en 'n Bybelse interpretasie daaraan heg.

**1. Dataversameling:** Om al die nodige inligting te verkry om in staat te wees om spesifieke Bybelse raad te bring.

Belangrikheid: Ek kan slegs die waarheid van God bring vir dit wat ek deur inligtingversameling verkry het.

Vrae vir selfondersoek:

1. Vra ek goeie, oop-einde vrae wat nie beantwoord kan word sonder self-openbaring nie?
2. Is daar progressie in my vrae - waar een vraag natuurlik voortvloei uit die inligting wat deur die vorige vraag verkry is?
3. Weet ek wanneer om intensief te delf in een area of wanneer om vrae ekstensief te versprei oor die persoon se hele lewe?
4. Lei my vrae tot groeiende selfbewussyn van die persoon?
5. Vra ek te veel vrae terwyl ek my vrae gebruik as 'n manier om weg te kruip of om direkte raadgewing te vermy of om die moeilike dinge te sê?

**2. Bybelse interpretasie:** Om die persoon te leer om Bybels te dink oor homself en sy situasie, eerder as om sy denke te laat beheers deur ervaring, emosie, kulturele norme ens.

Belangrikheid: Daar is geen manier waarop blywende verandering sal plaasvind tensy 'n persoon God se siening van hom/haarself en sy/haar wêreld verstaan en aanvaar nie.

Vrae vir selfondersoek:

1. Verwag ek van myself om Bybelse perspektiewe oor die persoon en sy situasie te formuleer?
2. In hoe 'n mate word ek beïnvloed deur kulturele kategorieë? Word die Skrif gevorm deur my denke of word my denke gevorm deur die Skrif?
3. Verstaan ek die praktiese implikasies wat dit vir die persoon het om in die lig van toepaslike Bybelse beginsels te lewe?
4. Is ek in staat om die persoon "aan boord" te bring met God se manier van dink of kom my Skrifgebruik oor as geestelike gemeenplase uit die boonste rakke?
5. Het populêre sekulêre kategorieë in my berading ingesluip en het hulle die manier waarop ek oor mense en hulle probleme dink, begin beïnvloed?

3. **Om die sake van die hart bloot te lê:** Om te leer om op 'n dieper vlak as net die nodige "doen dit so" of "how to's" te werk. Om daarin bedrewe te wees om die "waaroms" ook aan te spreek, dit wil sê om met die motiverende wortelkwessies van die hart te werk.

<u>Belangrikheid</u>: God se uiteindelik doel is om besit te neem van ons harte sodat ons Hom en Hom alleen sal dien. (Esegiël 14:1-6)

<u>Vrae vir selfondersoek</u>:

1. Is my kommunikasie slegs gerig op gedrag in plaas daarvan om met die gedagtes en bedoelinge van die hart te worstel?
2. Het ek 'n Bybelse definisie van sonde wat die gedagtes, motiewe en houdings van die hart asook die gedrag insluit?
3. Sien ek die die persoon as meer as net 'n slagoffer? Herken ek 'n aktiewe hart wat interaksie het met die persoon se ervaring?
4. Help ek die persoon om die vrugte van sy keuses te herken en te ontleed?
5. Beweeg ek van vrugte- na wortelvrae?
6. Help ek die persoon om deur my vrae sy eie hart te ondersoek?
7. Is ek die een wat motiewe beoordeel, eerder as om die persoon te help om die ware motiewe in sy hart raak te sien en daarvoor verantwoordelikheid te aanvaar?

# Verstaan: "Bankstaat"

**Kyk na jou selfevaluasie en beskryf jou ontwikkelingsareas, sowel as jou vrugte van die Gees:**

**Ontwikkelingsareas:** ……………………………………………………

……………………………………………………

……………………………………………………

**Vrugte van die Gees:** ……………………………………………………

……………………………………………………


……………………………………………………

**Gebruik die Selfevalueringsvrae oor Verstaan vir selfstudie**

# Kommunikasie

## 3 KONFRONTEER

1. **Luister**
2. **Gerigtheid op ander**
3. **Duidelike oordrag van die Evangelie**



# 3 Konfronteer / Waarheid in Liefde te Praat

<table>
<tr><th>Swakheid</th><th>Geloofspad</th><th>Swakheid</th></tr>
<tr><td>Berading word gesien as ‘n private preek<br>JA/ NEE</td><td>LUISTER<br>= Jy kan nie iemand help as jy nie eers geluister het nie<br>JA / NEE</td><td>Gedagtes spring vooruit, na antwoorde<br>JA/ NEE</td></tr>
<tr><td rowspan="2">Stel beginsels bo mense<br>JA/ NEE</td><td rowspan="2">GERIGTHEID OP ANDER<br>= Om op so ‘n manier te praat dat ek die ander persoon in ag neem asook die probleem wat hy/sy ervaar<br>JA / NEE</td><td>Slaaf van mense en hulle agenda<br>JA/ NEE</td></tr>
<tr><td>Bang om moeilike dinge te sê<br>JA/ NEE</td></tr>
<tr><td>Buite konteks, waarheid sonder medelye<br>JA / NEE</td><td rowspan="2">DUIDELIK OORDRAG VAN DIE EVANGELIE<br>= As ek my gesprek nie deur die Skrif laat lei nie, sal iets anders dit doen. Ek moet verbind wees om gesprek te voer wat heeltemal Bybels is</td><td>Geen vertroue in God se beloftes<br>JA / NEE</td></tr>
<tr><td>Net die wet – geen genade nie<br>JA / NEE</td><td>Het eie agenda, “sielkundige” benadering<br>JA / NEE</td></tr>
</table>

# KONFRONTERING

## 1. Luister

<u>Belangrikheid</u>: Die doel met kommunikasie is om God se waarheid na die spesifieke situasie van die persoon te bring. Jy kan nie iemand help as jy nie eers geluister het nie.

<u>Vrae vir selfondersoek</u>:

1. Behou ek my fokus en luister aktief na wat die persoon sê?
2. Is gewillig om my luisterblapse te erken en te vra dat dit weer oorgesê word?
3. Is ek bewus daarvan dat daar altyd 'n potensiële misverstand kan ontstaan en dat ek versigtig die persoon vra om opheldering?
4. Is ek bedrewe daarin om die persoon te help om meer presies te wees wanneer hy praat?
5. Is ek bewus van my eie persoonlike luisterneigings en werk ek aan hierdie luisterswakhede?
6. Is ek geneig om swak kommunikasie aan die ander toe te skryf en aanvaar ek ook verantwoordelikheid daarvoor?
7. Gebruik ek tyd in die gesprek om te dink wat ek wil doen en sê dat ek nie goed gehoor het wat die persoon sê nie?

## 2. Gerigtheid op ander

Om die waarheid in liefde te praat. Om op so 'n manier te praat dat ek die ander persoon in ag neem asook die probleem wat jy ervaar en die proses waardeur kommunikasie moet plaasvind. (Efesiërs 4:29)

**<u>Belangrikheid</u>:** Ek soek kommunikasie wat voldoen aan die vereistes van beide tafels van die Wet.

Dit is kommunikasie wat gerig word deur die waarheid van God, maar 'n proses wat gevorm word deur die behoeftes van die ander persoon.

<u>Vrae vir selfondersoek</u>:

1. Is ek ingestem op wie die persoon is en hoe dit die kommunikasieproses behoort te vorm?
2. Kan ek die waarheid van die Woord kontekstualiseer sodat dit pas by die besondere behoeftes en situasie van die persoon?
3. Weet ek hoe om met die ervaring van die persoon te vertrek en daardie ervaring te gebruik as 'n middel om God se waarhede te kommunikeer?
4. Gebruik ek voorbeelde of beelde uit die persoon se lewe wat help om die waarheid duidelik te maak?

**3. Duidelike oordrag van die evangelie**

Belangrikheid: As my Skrifgebruik nie my gesprek rig nie, dan sal iets anders dit doen. Ek moet verbind wees om gesprek te voer wat kenmerkend en heeltemal Bybels is.

Vrae vir selfondersoek:

1. Is ek in staat om aan te dui hoe die temas van die Evangelie hierdie besondere mens se lewe en ervaring raak?
2. Het ek 'n lys gedeeltes wat ek voorbereid is om te gebruik om belangrike Bybelse begrippe te verduidelik?
3. Is ek in staat om die hele Evangelie duidelik aan die persoon oor te dra?
4. Help ek die persoon om in Bybelse kategorieë te kan dink?
5. Weet ek hoe om die temas van die Skrif op 'n eenvoudige wyse te verduidelik en te gebruik.

## Konfronteer: "Bankstaat"

**Kyk na jou selfevaluasie en beskryf jou ontwikkelingsareas, sowel as jou vrugte van die Gees:**

**Ontwikkelingsareas: ..................................................................**

**..................................................................**

**..................................................................**

**Vrugte van die Gees: ..................................................................**

**..................................................................**

**..................................................................**

**Gebruik die Selfevalueringsvrae oor Konfronteer vir selfstudie**

# Funksionele Eienskappe om tot Aksie oor te Gaan

## 4 AKSIE

1. **Toepassing**
2. **Toesig/verantwoordbaar**
3. **Bemoedig/Vermaan**



# 4 Aksie

| Swakheid | Geloofspad | Swakheid |
|---|---|---|
| *Rigiede plan sonder enige buigsaamheid* <br> *JA/ NEE* | *TOEPASSING* <br> *= Om die beginsels van die Woord van God baie spesifiek op hierdie persoon toe te pas sodat hy/sy weet wat God wil hê dat hy/sy moet dink, begeer en doen in sy/haar lewenssituasie* <br> *JA / NEE* | *Beraad te algemeen, nie konkrete plan* <br> *JA / NEE* |
| *Geen plek vir mislukking nie* <br> *JA / NEE* | | *Fokus te veel op kennis – en nie op praktiese uitvoering* |
| *Gebrek aan geduld* <br> *JA/ NEE* | *TOESIG EN VERANTWOORDBAARHEID* <br> *= ‘n Verbintenis van die persoon dat jy hom/haar verantwoordelik kan hou vir verandering* <br> *JA / NEE* | *Bang om iemand tot verantwoording te roep* <br> *JA/ NEE* |
| *Werk heiligheid / verwag volmaaktheid* <br> *JA/ NEE* | | *Te veel geduld, sien foute oor* <br> *JA/ NEE* |
| *Veroordelend* <br> *JA / NEE* | *BEMOEDIGING EN VERMANING* <br> *= Leiding aan ander is geestelike oorlogvoering. Die ander persoon benodig gedurige aanmoediging en waarskuwing om nie van die pad af te dwaal nie* <br> *JA /NEE* | *Bang om iemand tereg te wys* <br> *JA / NEE* |
| *Meer kritiek as bemoediging, soek foute* | | |

# AKSIE

1. **Toepassing:** Om die beginsels van die Woord van God baie spesifiek op hierdie persoon toe te pas sodat hy/sy weet wat God wil hê dat hy/sy moet dink, begeer en doen in sy/haar spesifieke lewensituasie.

   Belangrikheid: Leierskap hou nie op met insig nie. Die persoon moet aangemoedig word om nie net 'n hoorder van die Woord te wees nie, maar ook 'n dader.

   Vrae vir selfondersoek:

   1. Is ek in staat om te onderskei watter konkrete veranderings nodig is in die denke, motiewe en gedrag van die persoon
   2. Weet ek hoe om daardie veranderings te organiseer in 'n uitvoerbare plan?
   3. Kan ek die plan vorm volgens die veranderende elemente in die persoon se situasie?
   4. Kan ek Bybelse grense stel vir die persoon se situasie?
   5. Weet ek hoe om 'n weeklikse ontleding van bogenoemde plan te doen?
   6. Stel ek saam met die persoon 'n werkbare plan op hoe om versoekings te hanteer?

2. **Toesig en verantwoordbaarheid:** 'n Verbintenis van die persoon dat jy hom/haar verantwoordelik kan hou vir verandering.

   Belangrikheid: Dat ek 'n instrument van God sal wees om die persoon te help in die vrugte van geloof en gehoorsaamheid aan Christus te dra.

   Vrae vir selfondersoek:

   1. Is ek in staat om te bepaal watter soort rekenskap die persoon nodig het?
   2. Maak ek gebruik van andere om vir die persoon 'n werkbare verantwoor-dingsnetwerk te bewerkstellig?
   3. Weet ek hoe om so 'n plan van verantwoordbaarheid wat sal werk, saam te stel?

**3. Bemoediging en vermaning:**

Belangrikheid: Begeleiding van ander is geestelike oorlogvoering. Dit is uitputtend en vra baie. Die ander persoon benodig gedurige bemoediging en waarskuwing om nie van die pad af te dwaal nie.

Vrae vir selfondersoek

1. Kan ek die moedeloosheid van die ander persoon gou herken?
2. Weet ek hoe om die oorsake van die persoon se moedeloosheid vas te stel?
3. Besef ek wanneer die persoon kortpaadjies kies of buite God se grense begin beweeg?
4. Besef ek wanneer die persoon begin rasionaliseer of die skuld van homself af wegskuif?
5. Is ek in staat om die persoon liefdevol en toepaslik te waarsku teen die gevaar van ongehoorsaamheid en om liefdevol te pleit vir 'n terugkeer na Christus?

# Aksie: "Bankstaat"

**Kyk na jou selfevaluasie en beskryf jou ontwikkelingsareas, sowel as jou vrugte van die Gees:**

**Ontwikkelingsareas:** ……………………………………………………………

……………………………………………………………

……………………………………………………………

**Vrugte van die Gees:** ……………………………………………………………

……………………………………………………………

……………………………………………………………

**OPSOMMING**

Die proses van groei in karakter en vaardighede vind lewenslank plaas - gun jouself die groei BINNE SY GENADE EN BARMHARTIGHEID (ROM 12:1-3). God het baie blydskap in hierdie groei, en jyself sal vind dat daar baie meer vreugde in jou lewe is as gevolg daarvan. Dit is nie nodig dat mens eers in krisissituasies kom voordat jy jou denke / operasionele waardes verander nie. Verbind jouself om in God se teenwoordigheid onder die gesag van sy Woord en Gees te leef en te groei!

# My nuwe lewe in Christus - berader

